**Oordenking**
**10 Maart 2010**

## Van God verlate

*Mat 27:46: "Eloi, Eloi, lama sabachthani?"*
Dit is die oorspronklike woorde wat Jesus in sy moedertaal, Aramees, gesê het. Dis die taal waarin Hy bedien, gebid en gesterf het. En dit beteken: "*My God, my God, waarom het U my verlaat?*"

Sabachthani, om te verlaat, beteken om "agter te laat, te laat gaan en om te verlaat."
Dis verskriklik om verlate te wees. Dis nie natuurlik om heeltemal alleen te wees nie. Ons het 'n God-geskape behoefte aan ander mense en aan God self. Om verlate te wees beteken dat niemand oorgebly het wat gewillig is om jou te help nie. Jy is nou heeltemal alleen.

Aan die einde van sy lewe was Jesus geheel en al alleen. Die skares en sy dissipels het Hom verlaat en teen Hom gedraai. Sy familie het nie in Hom geglo nie. In sy sterwensuur roep Hy uit dat selfs God Hom verlaat het. Al sy smart in ag genome, was dit sy grootste pyn en lyding.

In ooreenstemming met God se ewige plan, het God Jesus fisies verlaat. Dis omdat God Hom verlaat het, dat dit moontlik was dat Judas Hom kon verraai, dat Hy bespot kon word, op gespuug is en vals beskuldig is. Dit was omdat Hy deur God verlaat was dat Hy, hoewel Hy niks verkeerd gedoen het nie, behandel is asof Hy skuldig was. Dit was omdat God Hom verlaat het dat Hy gegésel is, 'n doringkroon op sy hoof forseer is en spykers deur sy gewrigte en voete gedryf is. Omdat God Hom verlaat het, het Hy die wrede dood aan die kruis gesterf.

Om deur God verlate te wees, is om die smarte van die hel te ervaar. Die hel is die plek waar God glad nie is nie. Die hel is die plek van totale skeiding tussen God en mens.

"Eloi, Eloi, lama sabachthani?" Hierdie uitroep maak mens bang en is onverwags. Dis ook 'n vraag wat beantwoord moet word. Waarom hét God sy Seun verlaat? Watter skeidingsmuur het tussen die eerste en die tweede Persoon van die Heilige Drie-Enigheid gekom?

Die skeidingsmuur was sonde. Dit was ons sonde wat die verbreekte verbintenis, die skokkende breuk in kommunikasie tussen die Vader en Jesus tot gevolg gehad het. Jesus het ons sonde op Hom geneem. Daarvoor is Hy vervloek en deur God verlaat, om ons van daardie sonde te verlos. Sy vraag was: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Die antwoord op Jesus se vraag is: As gevolg van sonde. My sonde en jou sonde is die rede waarom God Jesus verlaat het.

Omdat Jesus op hierdie manier in die hel was, weet ons nou wat oorwinning, vergifnis en versoening met God beteken. Christus is vir ons tot sonde gemaak. Hy is deur God verlaat, sodat ons nooit weer van God verlaat hoef te wees nie.
Daarom juig ons ook oor Christus se oorwinning op Paassondag. Want ons is ook saam met Hom opgewek.
O God, wat 'n wonderlike Verlosser het ons nie!